SUID-AFRIKAANSE RADIOLIGA

SARLNUUS SONDAG 5 JANUARIE 2003

U luister na amateurradiostasie ZS6SRL van die Suid-Afrikaanse Radioliga, die nasionale vereniging vir amateurradio in Suid-Afrika, met 'n nuusbulletin wat elke Sondag om 08:15 Sentraal Afrika Tyd (SAT) in Afrikaans en om 08:30 SAT in Engels uitgesaai word.

Hierdie bulletin is ook op die webwerf van die SARL by www.sarl.org.za en op pakketbulletinborde beskikbaar.

In die nuus vandag:

HERNUWINGSKENNISGEWINGS VIR 2003 IN DIE POS

WEDSTRYDSEISOEN OPEN

PIEKE OP DIE LUG

SARL PRESIDENT SE NET

SPESIALE GEBEURTENIS OM MARCONI SE 1903 UITSENDING TE GEDENK

Bly ingeskakel vir meer besonderhede hieroor en ander nuusitems.

Besoek ook die SARL-webblad of skakel die SARL-kantoor wat vanaf 09:00 tot 13:00 op weeksdae oop is by telefoon 011 675-2393 vir inligting oor hoe om by die SARL aan te sluit, boekverkope en alle verwante amateurradioaangeleenthede.

Die SARLnuusdiens nooi klubs en individue om nuus aangaande amateurradio aan sarlnews@hotmail.com nie later as die Donderdag wat die bulletin vooraf gaan, in te stuur. Indien moontlik stuur dit asb in Afrikaans sowel as Engels.

U luister na ZS6SRL.

Die nuus volg in besonderhede:

HERNUWINGSKENNISGEWINGS IN DIE POS

As u nog nie u kennisgewing vir die hernuwingvan u lisensie ontvang het vir 2003 nie, kan u verwag om dit binnekort te kry. Heelwat amateurs het reeds hulle kennisgewings van ICASA ontvang. Die goeie nuus is dat die jaarlikse lisensiegelde nie verhoog is nie, maar moet nog steeds soos in die verlede voor 31 Januarie betaal word.

WEDSTRYDSEISOEN OPEN

Benodig jy 'n verskoning om die takies wat in die tuin wag te vermy? Daar is oorgenoeg wedstryde in Januarie waaraan jy kan deelneem. Eerstens is daar die jaarlikse Hunting Lions op die lug, wat oor die naweek van 11 en 12 Januarie op die lug sal wees. Die reëls vir hierdie wedstryd is beskikbaar op die webblad van die SARL by www.sarl.org.za/public/contests/lionita.asp Kontak jou plaaslike Lionsklub en tref reëlings om 'n stasie op te rig.

Op Saterdag 18 Januarie word die eerste SARL kinderdag gehou. Die doel van kinderdag is om jongmense (gelisensieerd of nie) aan te moedig om amateurradio te geniet. Dit kan die jongmense ondervinding op die lug gee sodat hulle moontlik 'n belangstelling sal kweek om later vir 'n amateurlisensie te kwalifiseer. Dit sal ook die geleentheid skep vir amateurs om hulle radiokamers met jongmense te deel. Die aktiwiteite begin om 09:00 en eindig om 11:00 SAT met werking op 14,125 tot 14,150MHz, 7,040 tot 7,065MHz en 2 meter herhalerfrekwensies. Roep "CQ Kid s day" of "CQ Kinderdag". Die kind se naam, ouderdom, QTH en gunsteling kleur word uitgeruil. 'n Stasie kan of by 'n plaaslike skool of inkopiesentrum of tuis bedryf word, maar die belangrikste is om die jong mense 'n kans te gee om op die lug te kom.

Op Vrydag 24 Januarie om 18:00 SAT begin die Port Elizabeth ARV se BHF/UHF-kompetisie, dit eindig om 18:00 SAT op Sondag 26 Januarie. Die reëls vir die eerste BHF/UHF-kompetisie van die jaar kan gevind word by www.sarl.org.za/public/contests or deur die Port Elizabeth ARV te kontak.

SPESIALE GELEENTHEIDSTASIE OM MARCONI SE 1903 UITSENDING TE GEDENK

'n Spesiale geleentheidstasie, KM1CC, sal van 11 tot 19 Januarie op die lug wees om die honderdste herdenking van Guglielmo Marconi se 1903 uitsending tussen Engeland en die VSA op 18 Januarie 1903 te vier. Op daardie datum, vanaf die sanderige hange van Cape Cod wat oor die Atlantiese oseaan kyk, het Marconi met slegs 35kW, 'n roterende vonksender en 'n massiewe antenna, 'n 54 woord boodskap van president Theodore Roosevelt na Engeland se koning Edward VII gestuur. Die koning het onmiddelik ontvangs van die boodskap per landlyn en kabel erken. Hiermee het Marconi letterlik die vonk van globale kommunikasie aan die brand gesteek.

PIEKE OP DIE LUG WORD BEKENDGESTEL IN SUID-AFRIKA

Pieke op die lug is 'n internasionale toekenningsprogram wat sertifikate uitreik aan amateurs wat bergpieke aktiveer of kontak. Oor die laaste paar maande het 'n groep Suid-Afrikaanse amateurs 'n handleiding saamgestel vir Suidelike Afrika wat bergpieke aandui wat sal tel vir die toekennings. Die handleiding is goedgekeur deur die internasionale komitee en Suid Afrika het amptelik vanaf 1 Januarie by Pieke-op-die-lug aangesluit.

Om hierdie geleentheid te vier, het Suid Afrikaanse amateurs 'n paar bergpieke op 1 Januarie geaktiveer. Rudi ZS6DX het vanaf Magaliesberg gewerk en Andrew ZS1AN vanaf Maclear s Beacon op Tafelberg.

Die volgende frekwensies:word vir hierdie aktiwiteite gebruik: Gelykgolf: 7024, 14007, 21007 en 28007 kHz; Enkelsyband: 7066, 14160, 21160 en 28440 kHz; FM: 145,500 MHz simpleks.

Vir meer inligting, besoek hulle webwerf by www.qsl.net/sotasa of e-pos hulle by sotasa@qsl.net. U kan ook vir Andrew, ZS1AN, skakel by (021) 685 2841 of 083 448 4678.

VREEMD EN WONDERLIK

Die volgende berig is in die afgelope week se QNEWS gevind:

FM DX en haaie in Brisbane?

Marcus Fritz skryf aan Peter Parker dat hy die ideale metode gevind het om FM DX te voorspel.

Marcus sê dat wanneer haaie skole vis in die Brisbane omgewing jag, is FM DX baie goed. Sou dit nou wees omdat die vis naby die kus is as gevolg van warmer water?

Of word die seine vanaf die haainette gereflekteer?

Hoe ook al, wanneer die haaie jag, gaan op 'n FM DX ekspedisie!

Het iemand by die Suid Afrikaanse kus al iets soortgelyk opgemerk?

SARL PRESIDENT SE NET

Onthou om by die president van die SARL se net elke LAASTE Sondag van die maand, die eerste vir vanjaar dus op Sondag 26 Januarie op 7082 kHz aan te sluit.

Dit is dan die laaste nuusberig in vandag se bulletin wat saamgestel is deur Martin, ZS6ABU, en gelees is deur…… vanuit …… as 'n diens aan radioamateurs, kortgolfluisteraars en elektronikaentoesiaste

Die SARL nooi u ook om Sondae om 10:00 na Amateur Radio Mirror International op 21560, 9750 en 7082 kHz en 145,625 MHz in die Ooslonden-, 145,650 in die Durban- en 145,750 MHz in die Pretoriagebied te luister. 'n Heruitsending kan Maandagaande om 20:00 SAT op 3215 kHz gehoor word. ARMI word deur Telkom en Sentech geborg.

U het geluister na ZS6SRL, dankie dat u by ons aangesluit het. 'n Groot woord van dank aan diegene wat wat items vir hierdie bulletins verskaf en aan al die amateurs wat so gereëld die herleidings waarneem.

Hierdie Afrikaanse uitsending eindig nou en SARLNUUS wens u 'n aangename week toe.

Totsiens almal.

/EX